

**29 Junie**

**Lees: 1 Korintiërs 4:1-21**

**Fokusgedeelte: Psalm 50:14(a); Handeling 4:25**

**Lof as geskenk van God**

In hierdie feesjaar van ons kerke is daar baie dinge wat gebeur, en in 'n terugblik op ons hoofees in April, kan ons sê dat baie reeds gebeur het.

Waarom is ons – en was ons besig – met reëlins en feesvieringe? Ja, ons doen dit omdat ons in hierdie feesvieringe ons lof en dank aan die Here wil bring. Lof en dank vir soveel jare van genade. Met watter gesindheid is ons betrokke by die feesvieringe? Om kritiek te lewer op wat ander doen of om lof te ontvang vir wat ons doen?

In hierdie gedeelte word verwys na die algemene harde handewerk wat die “dienaar” doen, maar ook na die groot verantwoordelikheid van die “bestuurder.” Sy spesifieke posisie in en verhouding tot die gemeente het vereis dat hy dit duidelik stel dat hy nie 'n posisie beklee wat hom belangriker as ander maak nie. Aan die ander kant ook nie só onbelangrik dat hy nie verantwoordelikheid het nie.

Die Here gebruik vir Paulus om vanuit sy eie posisie dit duidelik te stel dat dit nie saak maak met watter werk ons besig is nie. Hoofsaak is: in alles gaan dit daaroor dat ons niks anders nie as die eer van God in alles moet soek. Of dit werklik gebeur, is nie iets waarvoor mense kan oordeel nie. God sal die *bedoelings van die hart blootlê* en *elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom*.

As ons ingesteldheid in God se diens daarop gerig is om aan Hom die lof te gee omdat Hy God is en dit moet kry, dan sal Hy Self aan ons die lof gee wat ons toekom, omdat Hy God is en dit kan gee.

*Sing: Psalm 31:15 (Totius-beryming)*

*Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*